


met die Bybelgenootskappe



JANUARIE

1 – 5 Jan

Côte d'Ivoire: Bid vir ons werksaamhede. Bid veral vir die probleme wat ons ondervind om Bybels te bekom. Bid vir die nodige fondse sodat ons bestellings vir Bybels goedgekeur kan word. Bid ook vir al die Bybelvertalings waaraan ons werk.

Sierra Leone: Bid dat die Here Bybelwerk in hierdie land sal seën en dat dit vir ons moontlik sal wees om in die Bybelbehoefes van ons mense te kan voorsien. Bid ook vir die nodige fondse sodat 'n Braillebybel vir blindes in ons land voorberei kan word.

Liberië: Bid vir Bybelwerk in hierdie land, veral vir vordering met ons vertalingsprojekte. Bid ook vir ons geletterheids-

projek waarmee ons ook Bybelgeletterdheid in ons land wil bevorder. Bid vir die veiligheid van ons personeel en ook vir die Raad. Dank die Here vir elke Bybel wat in ons land versprei word.

Burkina Faso: Dank die Here vir die Bybelvertalings wat die afgelope aantal jare bekendgestel is en bid vir die impak daarvan op die lewens van mense. Bid steeds vir die vertaling van die Bybel in Lyélé, Bissa en Birifor en ook vir die publikasie van die Bybel in Dagara. Bid ook vir die Kerk in ons land.

6 – 12 Jan

Gambië: Dank die Here vir vordering met die vertaling van die Bybel in Jola. Bid ook vir die nodige fondse sodat geletterdheid onder vroue en kinders bevorder kan word. Bid ook vir ons *Faith Comes*

By Hearing-projek asook vir ons pogings om met die Woord na Moslems uit te reik.

Gaboen: Bid dat die Here ons sal help om sy Woord onder ons mense, en veral die jeug, te bevorder. Dank Hom vir die werk van die Bybelgenootskap in ons land en bid vir ons verhouding met die verskillende kerkgenootskappe.

Ghana: Bid vir die Bono Bybelvertalingsprojek. Bid vir ons verskillende projekte en vir die uitbreiding daarvan na die verskillende dele van die land. Bid vir ons Raad en personeel, vir die nodige krag en wysheid.

Togo: Bid vir die bekendstelling van die Ewe Bybel met Deuterokanonieke boeke, asook vir ons nuwe Bybelvertalingsprojekte. Bid dat die Ikposo Bybelvertaling spoedig voltooi sal word. Bid ook vir die politieke situasie in ons land.

13 – 19 Jan

Niger: Dank die Here vir dit wat ons reeds deur Bybelverspreiding bereik het. Bid dat ons verskillende ouderdomsgroepe, veral die jeug en kinders, met die Bybel sal kan bereik. Bid dat meer mense in die bybelse boodskap sal belangstel en dat ons Bybels in verskillende formate hulle behoeftes sal aanspreek.

Nigerië: Bid dat die Bybels wat ons versprei, die lewens van Nigeriërs sal aanraak en verander. Bid dat die Here ons personeel wat in verskillende dele van die land werksaam is, sal beskerm. Bid vir meer donateurs om ons werk te ondersteun.

Benin: Dank die Here vir die *Faith Comes By Hearing*-projek, asook vir vordering met ons verskillende Bybelvertalingsprojekte. Bid dat dit vir ons moontlik sal wees om met die hersiening van die Lokpa Bybel te begin. Bid vir ons verhouding met die kerke.

20 – 26 Jan

São Tomé en Prinsipe: Bid dat dit moontlik sal wees om in die Bybelbehoefes van Christene op hierdie eiland te kan voorsien. Bid vir 'n goeie verhouding met die Kerk.

Kameroen: Bid vir die vertaling van die Bybel in Podoko en vir die hersiening van die Mungaka Bybel. Bid vir ons *Esther*-projek wat daarop gerig is om tienerma's en meisies wat seksueel

uitgebuut word, met die Bybel te bereik. Bid ook dat dit vir ons moontlik sal wees om deur digitale media jongmense met die Bybel te bereik.

Sentraal-Afrikaanse

Republiek: Bid vir vrede en stabiliteit in ons land en dat Bybelwerk sal voortgaan ten spyte van al die uitdagings wat ons moet oorkom. Bid veral vir 'n toename in ons plaaslike fondsinsamelings asook vir 'n versterking van ons verhouding met die kerke.

Suid-Soedan: Dank die Here vir die hoop dat die burgeroorlog permanent tot 'n einde sal kom. Bid vir die duisende families wat geliefdes verloor het of wat hulle woonplekke moes verlaat. Bid dat ons mense die bybelse boodskap van hoop en vrede sal ervaar. Bid vir ons Bybelgebaseerde traumaberadingsprojek en vir die veiligheid van ons personeel.

FEBRUARIE

27 Jan – 2 Feb

Ethiopië: Bid vir die voltooiing van die Amhariese Studiebybel asook vir die voorbereiding van 'n Kinderbybel in hierdie taal. Bid ook vir ons projek waardeur ons bybelse waardes by die jeug wil inskerp. Bid vir al ons pogings om die kerke in ons land te dien.

Soedan: Bid dat dit vir ons moontlik sal wees om veral kinders en jongmense met die Bybel te bereik. Bid vir die verskillende taalgroepe wat vir die eerste keer 'n eie Bybel

sal ontvang: Otoro, Uduk en Koalib.

Eritrea: Bid dat die Here Bybelwerk in hierdie land sal seën. Bid vir fondse sodat Oudiobybels in van ons tale voorberei kan word. Bid ook dat vir ons moontlik sal wees om in die Bybelbehoefes van ons bevolking te kan voorsien.

3 – 9 Feb

Tsjad: Bid vir die hersieningsprojek van die Bybel in Nangjéré. Bid ook vir ons pogings om met die Bybel na vroue uit te reik. Bid vir ons personeel en vir ons verhouding met die kerke. Bid ook dat ons die Bybel in geskikte formate sal kan beskikbaar stel.

Sahel-projek: Bid vir die voorsiening van Bybels aan hierdie oorwegend Moslemland insluitend die **Kaap Verde, Guinee-Bissau** en **Mauritanië**. Bid vir almal in Bybelgenootskappe wat betrokke is by die samestelling van 'n strategie wat tot voordeel van hierdie gebied kan wees.

10 – 16 Feb

Mali: Bid dat die hersiening van die Bamanan Bybel voorspoedig sal verloop en dat die studiemateriaal wat bygevoeg word, sal help om die Bybel meer toeganklik vir die lesers te maak. Bid ook vir ons projekte om interaksie met die Woord te bevorder.

Senegal: Bid vir ons getletterdheidsprojek en

ook vir ons projek om die kerke te help om Sondagskoolprogramme te laat herleef. Bid ook vir die vertaling van die Bybel in Pulaar. Dank die Here vir Bybelwerk wat in ons land gedoen word.


Guinee: Bid vir vordering met die Toma Bybelvertalingsprojek asook vir ons *Faith Comes By Hearing*-projek. Bid dat dit vir ons moontlik sal wees om met ons geletterdheidsprojek voort te gaan. Dank die Here dat dit wel vir ons moontlik is om Bybels in ons land te versprei. Bid vir ons verhouding met die kerke.

17 – 23 Feb

Suid-Afrika: Dank die Here vir al die seën wat ons uit sy hand ontvang, vir elke Bybel wat ons kon versprei en vir elke donateur wat dit vir ons moontlik maak. Bid asseblief vir die Engelse Bybel vir Dowes wat vanjaar gepubliseer sal word en vir die impak daarvan op die lewens van dowe lesers. Bid asseblief ook vir die beplanning van die vieringe van ons 200ste bestaansjaar in 2020.

eSwatini (Swaziland): Bid dat die Here ons sal help om meer mense in ons land, veral die jeug en kinders, bewus te maak van die Bybel en die boodskap daarvan. Dank die Here vir die geslaagde leierskapkonferensie (ABLI) wat hier in eSwatini aangebied is. Bid vir ons personeel en Raad.

Namibië: Bid vir die werk van die Bybelgenootskap in moeilike ekonomiese



omstandighede. Bid vir die nodige fondse om met die vertaling van die Oshiwambo Bybel en ander projekte te kan voortgaan. Bid ook vir elke donateur, vennoot, gebedsvennoot en vriend van ons Bybelgenootskap.

Lesotho: Dank die Here vir ons Raad en personeel. Bid dat die Here die nodige krag en wysheid aan hulle sal skenk. Dank die Here vir die goeie verhouding wat ons met die kerke handhaaf. Bid vir suksesvolle fondsinsamelings- en verspreidingsprogramme.

MAART

24 Feb – 2 Mrt

Mosambiek: Bid vir volgehoue vrede in ons land. Bid vir ons *Barmhartige Samaritaan*-projek. Bid vir ons planne om uit te brei regoor die land om te verseker dat Bybels

bekombaar is. Dank die Here vir die publikasie van die Elomwe, Gitonga en Txitxopi Bybels en bid vir die impak van hierdie Bybels op die lewens van diegene wat dit lees.

Zimbabwe: Bid dat die Shona Studiebybel en Chikunda Ou Testament spoedig voltooi sal word. Bid ook vir die nuwe vertaling in Tonga en vir die hersiening van die Ndebele Bybel. Bid ook vir ons spesiale kinderprojek. Dank die Here vir toegewyde personeel.

Botswana: Bid vir Bybelwerk in ons land wat soms onder moeilike omstandighede uitgevoer moet word. Dank die Here vir die publikasie van die Kalanga Bybel en bid vir die impak op die lewens van diegene wat dit gaan lees. Bid vir ons pogings om geletterdheid in sommige van die tale in ons land te bevorder.

3 – 9 Mrt

Malawi: Bid dat die Elomwe Bybelvertalingsprojek spoedig afgehandel sal word. Bid vir al ons projekte wat op die jeug fokus, asook vir ons projek om kerke te help om mense se interaksie met die Bybel te bevorder. Bid ook vir ons plan om ons personeel beter toe te rus om verskillende uitdagings in ons werk te kan oorkom.

Zambië: Bid vir die vertaling van die Bybel in Ila en dat daar met die vertaling van die Ou Testament in Luvale begin sal word. Bid ook vir ons projek om Bybels te voorsien aan mense wat die *Alpha*-kursus bywoon. Bid vir die personeel en Raad.

Angola: Dank die Here vir Bybelwerk wat hier gedoen word en vir vordering met ons verskillende Bybelvertalingsprojekte. Bid vir ons projek om die Bybel vir siggestremdes toeganklik te maak en vir ons *Faith Comes By Hearing*-projek. Bid dat dit vir ons moontlik sal wees om die Bybel in verskillende formate beskikbaar te stel sodat ons die Bybelbehoefes van ons mense kan aanspreek.

10 – 16 Mrt

Mauritius: Bid vir Bybelwerk op hierdie eiland. Dank die Here vir Bybels wat hier versprei word en bid vir die nodige fondse om met ons taak te kan voortgaan. Bid vir die Kerk en sy groot taak. Bid ook vir Bybelwerk op **Réunion** en **Rodrigues**.

Seychelle: Bid vir ons projekte om kinders en jongmense met die Bybel te bereik. Bid dat veral jongmense die gevare van dwelms sal beseft en hulle eerder tot die Woord sal wend. Bid vir donateurs om ons projekte te ondersteun.

Madagaskar: Bid vir ons Bybelgenootskap wat 'n moeilike tyd beleef. Bid ook vir eenheid onder Christene in Madagaskar. Bid vir ons fondsinsamelingsveldtogte, vir die *Faith Comes By Hearing*-projek asook vir ons geletterdheidsprojekte. Bid vir politieke stabiliteit en vrede in ons land.

17 – 23 Mrt

Tanzanië: Bid vir ons pogings om deur braille en audio die Bybel vir siggestremdes toeganklik te maak. Bid ook dat dit vir ons moontlik sal wees om Bybels te voorsien aan kerke en Christene in Kagera wat deur 'n aardbewing getref is. Dank die Here vir vordering met ons Bybelvertalingsprojekte.

Kongo (Demokratiese Republiek): Bid veral vir ons Bybelvertalingsprojekte, waarvan verskeie in tale is wat nog nie oor 'n Bybel beskikbaar is. Bid nou reeds vir die impak op die lewens van diegene wat uiteindelik hierdie Bybels in hulle moedertaal sal ontvang. Bid vir ons personeel en Raad. Bid ook vir politieke stabiliteit en vrede.

Kongo (Brazzaville): Loof die Here vir dit wat ons reeds deur Bybelverspreiding kon bereik. Bid vir ons uitgebeide Bybelvertalingsprogram en

vir die nodige fondse om met die werk te kan voortgaan. Bid vir ons verhouding met die kerke.

24 – 30 Mrt

Rwanda: Bid vir die sukses van ons plaaslike fondsinsamelingstrategie en dat elke kerklidmaat in ons land vir wie dit moontlik is, ook finansiële tot die Bybelsaak sal bydra. Bid vir ons projekte om mense meer van die Bybel bewus te maak.

Uganda: Bid vir die nodige fondse om 'n nuwe Bybelhuis te bou. Bid vir ons Raad wat ons sal lei in ons vyfjaarplan om Bybelwerk uit te brei. Bid vir vlugtelinge in ons land en vir ons *'n Bybel in elke huis, hand, hart, hospitaal en hotel*-projek. Loof die Here vir sy liefde en genade wat ons elke dag ontvang.

Kenia: Bid vir ons land, vir politieke stabiliteit en vrede. Bid veral vir ons projek om met die Bybel na kinders en jongmense wat deur die samelewing verwerp word, uit te reik. Bid ook vir ons pogings om deur sport jongmense in die stede met die Bybel te bereik. Bid ook vir ons MIV/vigs-werkswinkels om kerke te help en van geskikte materiaal te voorsien.

Burundi: Dank die Here vir vordering met die Kirundi Studiebybel en bid vir ons pogings om geletterdheid in kerke te bevorder. Bid vir vrede in ons land en ook vir vlugtelinge wat na Burundi terugkeer. Bid dat die Bybelgenootskap in die Bybelbehoefes van die inwoners van ons land sal kan voorsien.